



# WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2023

## Wat jy van die WWL se 30<sup>ste</sup> uitgawe moet weet

Die Wêreldwaarnemingslys is in 1993 geskep vir Geopende Deure se interne gebruik. Ná die Ystergordyn se val in 1989 het die behoefte om Bybels na Oos-Europa te smokkel, verdwyn. As gevolg van die ekstra hulpbronne het Geopende Deure-leierskap 'n persoon aangestel om navorsing te doen oor die vervolging van Christene in ander lande.

Dié lys het sedertdien deurslaggewend geword in Geopende Deure se werk met vervolgte Christene en dien as riglyn oor die wyse en waar ons vervolgte gelowiges wêreldwyd kan ondersteun. Dit het ook 'n betroubare bron geword wat help om bewustheid, gebed en ondersteuning vir ons vervolgte geloofs familie te verhoog.

Vandag verduur meer as 360 miljoen Christene hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof. In die top 50 lande van die WWL alleen, word 312 miljoen Christene aan baie hoë óf uiterste vlakke blootgestel. Wêreldwyd beteken dit 1 uit 7 elke Christene.



▶ Só het die wêreldwye vervolging van Christene van 1993-2023 ontvou:



Skandeer vir die video.

### Het jy geweet?

- Noord-Korea, Somalië en Afganistan was die afgelope 30 jaar meestal in die top 10.
- Islamitiese ekstremisme is die vernaamste vervolgingstendens van die afgelope 30 jaar, met Islamitiese onderdrukking wat gegroei en meer gewelddadig geraak het.
- Magsbeheptheid is ook 'n beduidende vervolgingstendens die afgelope 30 jaar namate regerings, ten koste van mense se vryheid, probeer om mag te verseker.

### SQUEEZE VS SMASH vervolging

Die meeste vervolging is dikwels baie subtiel en word in die daaglikse druk van die privaat-, familie-, gemeenskaps-, nasionale en kerklewe ervaar (squeeze).

Die geweld (smash) wat Christene tydens die verslagdoeningstydperk verduur het, bly steeds 'n ontstellende faktor.



#### 2023 WWL GEWELDSTATISTIEKE

5 621 Christene vermoor

2 110 Kerke aangeval

4 542 Christene aangehou sonder verhoor, gearrester, gevonnisd of tronk toe gestuur

5 259 Christene ontvoer

2 126 Christene verkrag of seksueel aangerand

717 Christene in huwelike gedwing

29 411 Christene fisies of geestelik mishandel

6 757 Christenhuise, ander eiendomme, winkels of besighede aangeval

139 307 Christene gedwing om hul huise, lande te verlaat of weg te kruip

### JONGSTE VERVOLGINGSTENDENSE

#### Geweld in sub-Sahara Afrika bereik nuwe hoogtes

Arm nasies en ondoeltreffende regerings het talle gewelddadige tendense verskerp, wat die Kerk in gevaar stel. Dit het 'n vrugbare teelaarde vir jihadisme geskep en militêre juntas bemagtig om regerings in sommige lande omver te werp. Intussen het Christene na vlugtelingkampe of ander lande gevlug weens jihadistiese strewe om Sharia-wetgewing oor die vasteland te versprei.

#### Toenemende aantal mededingers trek voordeel uit China se model

China smee internasionale alliansies om menseregte wêreldwyd te herskryf. Dié land se ekonomiese vooruitgang dien as lokmiddel vir talle wêreldleiers om ongeag van ideologie, in China se belofte van voorspoed te deel, terwyl beheer oor protesterende groepe en individue uitgeoefen word. Talle regimes wat China naboots, verafsku Christene en veral Christen-aktiviste wat dié beperking op landgenote betwis.

#### China se digitale beheer bedreig die Kerk

Digitale tegnologie het saam met die Chinese regering vooruitgegaan. Beijing het in Maart 2022 nuwe uitgebreide internet-reëls vir kerke ingestel en die Covid-19-pandemie gebruik vir sensuur, disinformasie en toesig om godsdienstgroepe te beheer. Dié aanlynruimte het vir die deursnee Chinese landsburger spannend geraak, veral vir Christene wat as Westerse bondgenote beskou word.



### Wat van Afganistan?

Alhoewel Afganistan van #1 tot #9 gedaal het en geweld afgeneem het, is vervolging hier steeds op 'n uiterste vlak. Met bekeerlinge wat nou dieper ondergronds woon, word dit ook moeiliker om bewese geweldsdata te bekom.



**DANKIE** dat jy die WWL lees, daardeur bid en daarop reageer. Geopende Deure se visie is dat geen Christen vervolging alleen hoef te verduur nie. Jou gebede en ondersteuning sal hierdie visie voortsit.